**Reeks:** Paas Sondag
**Titel:** Die Opstanding
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 24 April 2011

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

---

"Maar hulle oë het weerhou sodat hulle Hom nie kon herken nie, en Hy sê vir hulle watter woorde is dit wat julle twee met mekaar loop en wissel en waarom is julle bedroef, en die een wie se naam Klopas was antwoord Hom en sê is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem, en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae daarin gebeur het nie.
En Hy sê vir hulle watter dinge, en hulle antwoord Hom, die dinge aangaande Jesus die Nasarener wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk, en hoe ons owerpriesters en owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom gekruisig het, en ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos, maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het.
Maar sommige van ons vroue uit ons het ons ook ontstel nadat hulle vroeg by die graf was, en toe hulle Sy liggaam nie kry nie het hulle gekom en gesê dat hulle ook 'n gesig gesien het van engele wat sê dat Hy lewe, en sommige van die wat saam met ons was het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie.
En Hy sê vir hulle, o, onverstandiges met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het, moes die Christus nie hierdie dinge lei en in Sy heerlikheid ingaan nie, en Hy het begin van Moses en al die profete af, en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.
Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy wou verder gaan, maar hulle het by Hom aangedring en gesê bly by ons want dit is amper aand en die dag het gedaal, en Hy het ingegaan om by hulle te bly, en toe Hy met hulle aan tafel was neem hy die brood en dank, en hy breek dit en gee dit aan hulle, toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn, en hulle sê vir mekaar, was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie.
So weet julle ook, wanneer julle al hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar, Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nie verbygaan nie."
***Lukas 24:16-35 (AOV)***

Hy het waarlik opgestaan. Dit is hoe die eerste Christene mekaar gegroet het. Dit is hoe die dissipels die Emmausgangers gegroet het toe hulle mekaar weer ontmoet. Lukas, die dokter, skryf oor hierdie opstanding en hy vertel drie groot stories. Hy sê, hy het ook die boek Handelinge geskryf, dat Jesus vir 40 dae na sy opstanding aan verskeie mense verskyn het, maar hy kies net drie stories om te vertel waar Jesus verskyn het aan mense nadat hy opgestaan het, en jy kry 'n duidelike patroon in hierdie verhale wat hy vertel.
Jy kry eers die mense. Ons gebruik die Emmausgangers vanmôre, met 'n swaar, donker gemoed. Hulle is negatief. Hulle drome is verpletter. Hulle is ontnugter. Hulle is teleurgesteld. Die Bybel sê hulle is bedroef. Hulle emosies en hulle denke is oorgeneem met hierdie teleurstelling en verlies waarmee hulle nou sit. Hulle is... hulle innerlike wêreld is al wat nou vir hulle real is, en dit is hoe hulle nou hierdie lewe tegemoed gaan. Hulle het hulle rug op Jerusalem gedraai en op die gebeure. Hulle gaan nou alleen na hulle huis toe.
Die rede vir hulle groot teleurstelling is ekonomies en polities van aard. Hulle het so gehoop, vers 21, dat Jesus Israel sou verlos onder die Romeinse regering en dat daar nou vir hulle 'n baie beter lewe sal kom, en dit het nie gebeur nie. Hulle het iets gesoek by God en God het dit nie vir hulle gegee nie.
Hulle besef natuurlik nie hulle werklike behoefte nie, die deel wat in hierdie storie na vore kom. Hulle soek iets, maar hulle het eintlik iemand nodig. Hulle soek 'n helper; hulle het eintlik 'n redder nodig, maar dis in hierdie toestand wat Jesus na hulle toe kom, skielik, net op die pad, daar is Hy, en daar loop Hy saam met hulle. Dis baie interessant, die persone, dis 'n man en 'n vrou, die Emmausgangers. Dis Klopas: Johannes 19:25. As jy gaan kyk, dit is Maria se suster en haar man, met ander woorde dis Jesus se oom en tannie.
Skielik is Hy daar by hulle. Hulle loop nou op hierdie pad, maar hulle herken Hom nie. Hulle weet nie dat dit Hy is nie. Dis die patroon deur al hierdie stories, dat daar begin... Jesus reik uit na hulle; daar begin 'n transformasieproses, maar hulle is nie bewus daarvan nie, en dis asof hulle nie heeltemal dadelik saamwerk en agterkom wat is besig om te gebeur nou met hulle nie.
Dit is.. dis baie interessant dat Jesus nou juis kies om hierdie twee ouens alleen op 'n eensame paadjie te gaan opsoek, jy weet. Hy is nie in Jerusalem nie. Hy doen nie sy lap of honour nie, jy weet, en dan ook baie vreemd dat God kies om so gewoon ongewoon te werk. Hy is net 'n gewone mens wat nou skielik daar saam met hulle loop. Ek weet nie, het jy al ooit gewonder of gedink as jy die Skrif moes skryf, of as jy Jesus was, wat jy sou gedoen het? Ek weet nie, dit voel net vir my reg. Daar is twee ouens wat besoek moes word: Kajafas en Pilatus, die hoëpriester. Huh? Dink jy nie... jy weet, net hallo Kajafas, geniet Paasnaweek, dis al. Moet hom nie straf nie, en

© Mosaiek

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

moet nie... dis al wat jy hoef te... Pilatus: ek sien jou later. Huh? Maar hy doen dit nie. Hy verskyn net aan gelowiges. Vreemd. Vreemd, en niks groots, niks buitengewoons nie.
Die Evangelie van Petrus, dis nou in die Apokriewe Boeke, vertel die opstanding van Jesus so: daar kom twee groot ligte uit die hemel uit. Dit word gesuggereer dit moet seker engele wees. Hulle kom af, die skare drom saam om die graf. Hulle rol die steen weg. Jesus kom triomfantelik uitgeloop. Die eerste kerk verwerp hierdie weergawe van die opstanding en sê dis nie hoe dit gebeur het nie. God werk nie so nie. Hy kan. Hy het al op baie buitengewone... maar dit, as jy mooi gaan kyk, met die Israeliete, so een keer in 40 jaar dan maak Hy 'n see oop. Die res van die tyd dan gee Hy maar net brood en water en sulke algemene, alledaagse goed, en dis nou weer.
Hy kom net as 'n gewone mens in hulle lewe in en Hy begin met hulle te werk. Hy begin met hulle te praat, en iets gebeur met hulle. Hulle hele lewe draai om. Hulle oë gaan oop, hulle herken hom, Jesus leef, Hy het opgestaan. Hy is nou hier teenwoordig in my lewe, en skielik tel dit hulle lewe uit... uit... hulle lewe was vasgevang in die alledaagse, gewone: oorlewing, geld, wat gaan ons nou doen, en dis so voorspelbaar, dit is so monotonous, dis so vervelig.
Skielik verander alles. Hulle besef maar ons is deel van 'n groot storie. Ons storie pas binne 'n groot... die lewe gaan nie om my nie. Ek gaan om die lewe. Dis 'n totaal getransformeerde mens. Hulle kyk heeltemal anderster na hulleself, na die lewe, na alles, en hulle draai om. Hulle gaan na Jerusalem toe. Hulle sê nou moet ons praat hieroor. Hulle het skielik 'n lewensmissie, skielik 'n droom, ander drome, ander goed verander in hulle. Ander dinge skuif in hulle. Hulle deel nou in die opstandingslewe van die Here Jesus.
Ek wil vanmôre net vir 'n paar oomblikke fokus op hierdie transformasieproses. Wat is dit wat... hoe bring die Here daardie verandering in so 'n lewe mee? Huh? Hoe doen Hy dit, en ek het so 'n diep gevoel gekry dis die rede hoekom Lukas hierdie goed vir ons skryf. Ek meen, lees sy stories oor en oor en oor en kyk wat gebeur. Probeer jou bril afhaal waarmee jy gekom het. Hy skryf nie om vir hulle te sê julle ouens, julle moet glo Jesus het regtig opgestaan. Dis nie die groot ding om te glo nie, historiese opstanding nie. Dis 'n groot ding om te glo in die opgestane Christus se lewe: Phillipense 3:10.
Paulus sê ek wil Hom ken in Sy opstanding. Dis 'n ander ding om Hom persoonlik te ken in Sy opstanding. Net soos jy kan glo in 'n historiese Christus, dat Hy bestaan het, gaan niks vir jou doen nie. Dis soos om te glo in Napoleon. Daar is 'n ander soort insig, aanvaarding, wat in jou lewe moet kom wat 'n transformasie meebring, en dis hoekom Lukas skryf, om te sê dis hoe God werk, dis hoe Jesus is, en dis hoe jy die nuwe lewe kan kry waarvoor Hy gekom het, en Sy groot probleem is, maar julle kan nie sien nie.
Jy weet, hy open hulle oë, maar hy neem hulle kwalik, vers 25, onverstandiges, harte wat traag is, jy weet, dis... Hy sê werk saam, dis 'n plat vertaling. Hey, julle ouens, asseblief, werk saam. Ek wil dit doen, maar my probleem is julle kyk maar julle sien nie. Kyk, dis die tema regdeur Jesus se leding met sy [?]... julle hoor maar julle luister nie. Julle slaap. Waak, wees wakker, waak en bid, en dan vertel Hy hulle stories, moenie aan die slaap gevang word nie.
Kyk, kom agter Hy is hier, Hy werk, en hy nooi hulle uit om aandag te skenk, en ek dink dis wat hierdie storie... 'n groot onderliggende tema... leer om aandag te skenk. Aan wat? Aan jou pyn. Kyk wat doen Jesus met hulle verlies en met hulle pyn. Hy sê nie vir hulle hoe kan julle so ongelowig... hulle is gelowiges. Hulle glo in God, maar hulle het pyn. Hy nooi hulle uit om kontak te maak met... vertel My, sê Hy. Vertel my van jou pyn.
Hy blameer hulle nie, sê nie vir hulle hulle moet dit ingoreer nie, sê nie vir hulle hulle moet net glo nie. Vertel my van jou pyn, en ons het almal verliese, nê, en ons het almal ons pyn waarmee ons sit. Verlies aan intimiteit, 'n verhouding wat skeefgeloop het, verlies aan ons onskuld, verlies aan 'n inkomste, verlies aan werk, verlies aan gesondheid, verlies aan jeug.
Ons almal deel met 'n verlies wat 'n diep pyn, emosioneel, fisies, vir ons... maar dikwels is ons geestelike pyn dalk die grootste pyn waarmee ons sit, as jy geloof verloor, as jy jy hoop verloor, as jou lewe nie meer sin maak nie en jy weet nie wie jy is nie, en jy weet nie waaroor gaan hierdie lewe meer nie. Dit is miskien die grootste pyn waarmee ons kan sit: geestelike pyn, miskien die verlies aan 'n diep verhouding met die Here wat jy gehad het. En jy probeer. Jy probeer die preke luister, jy probeer die boeke lees, jy probeer die dissiplines, jy probeer aanbid. Niks beweeg jou meer nie. Dis soos die Emmausgangers. Dit was so real maar dis nie meer daar nie. Dis dood, morsdood in jou. Wat doen jy dan? Dan aanvaar jy dit, jy verbaliseer dit, so hierdie... Jesus sê, met ander woorde, Hy sê daar is twee maniere om te kyk na jou pyn.
Die een manier is om te sê hoe kan God dit aan my doen, nê, dis die Emmausgangers. Hy het my gedrop. Ek het so gehoop... so gehoop, maar dit het nie so uitgewerk nie. Dis 'n manier om te kyk. Dis... want hy het 'n baie ekkige houding oor die lewe. Ek weet wat is die nodigste vir my lewe. Ek weet. Ek weet wat ek wil hê en wat ek nodig het.
Daar is 'n ander manier om na jou pyn te kyk. Dit trek my na God toe. Dis die Here, dis my... dis my lewe wat nou met my praat. My lewe sê vir my iets. My lyf, my emosies, my my. My lewe praat met my en sê vir my. Dis nie genoeg nie. Jou lewe werk nie uit so nie. Daar is 'n ander lewe. Dit trek jou na God toe.
O, en daar kan wonders met jou gebeur. Kyk, dit is die groot terapeut, Jesus, nê. Vertel my. Daar gebeur iets met jou. Jy begin te rou, jy begin te treur, jy kan bly raak. Daar kan... daar gebeur soveel met jou as jy net kan praat

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

daaroor, en as jy net iemand kan kry om mee te kan praat daaroor. Jy moet leer om te luister na die Skrifte, leer om te luister na die Skrifte.
Jesus lê vir hulle die Skrifte uit. Hy kom na hulle, die opgestane Christus kom na jou deur die Woord, die Skrif. Dis hoekom ons die die Heilige Skrif noem. Heilig, nie in die sin dat daardie ding magies is nie. Dis nie 'n magiese boek nie. Heilig beteken letterlik afgesonder. Hy is anders as al die ander boeke.
Weet jy, en nou die dag toe ek daaraan dink toe maak dit eers vir my sin. My ouma het geglo jy mag nie 'n boek bo op die Bybel sit nie. Ek onthou hoe sy my geraps het toe ek 'n kind was en vir my gesê het die Bybel moet altyd bo lê, en ek... dis so simbolies van iets van dis 'n anderster boek hierdie. Dis hoekom die Israeliete, van Nehemia se tyd af, as die Bybel gelees word dan moet jy opstaan, want jy moet 'n houding kry. Jy moet 'n ingesteldheid teenoor die Skrifte kry,want God kom na jou toe deur die Skrif.
So nodig as wat jy kos het om te eet, het Jesus gesê, Matteus 4:4, so nodig het jy Woorde van God vir jou siel om te kan leef. Wat help dit jy is spekvet en gesond en jou siel is morsdood? Jy het nie 'n lewe nie, jy het net 'n bestaan, en daarom moet jy hierdie ingesteldheid hê: dis God wat na my kom. Ek het respek. Ek... jy weet, ek is nie in beheer van die Bybel nie. Ek kan nie die Bybel uitlê nie. Die Bybel lê my uit.
Dis hoekom die ou kerkvaders gesê het jy moet hom stadig lees. Kyk, hulle het nie geglo, soos vandag. Deur die eeue het die kerk dikwels mense geindoktrineer om vir hulle te laat verstaan jy kan eintlik nie die Bybel verstaan nie. Net 'n paar mense verstaan die Bybel, en jy moet Grieks en Hebreeus ook hê, anderster verstaan jy nie die Bybel nie, maar dis 'n lewendige boek hierdie, en maak nie saak wie jy is en hoe geleerd jy is nie. Hy het partykeer net 'n woord nodig, net 'n woord, dan maak die Gees dit lewendig in jou, en jou hart begin te brand.
Hier in jou is daar 'n roering wat kom as jy kan leer om aandag te skenk aan die Skrifte, en dan begin jy te ervaar wat die Skrif kan doen. Dit gee lewe. Dit gee lewe. Dit doen soveel goed aan jou. Jy weet, toe die dissipels op 'n keer... toe hulle omdraai... Jesus preek en die helfte van die gehoor loop uit, ek meen, driekwart van die gehoor loop weg.
Hy draai om en Hy kyk na sy dissipels. Hy vra nie vir hulle raad, hoe kan Ek dit... aanpassings maak aan my boodskap om die gehoor te behou nie. Hy sê vir hulle wil julle nie ook maar gaan nie: Johannes 6. Hy... en hulle sê Here, waar kan ons gaan? U het die woorde van die lewe. Dis net die woorde. Daar gebeur iets met my, in my gees, in my binneste.
Die Woord... 'n teologiese uitdrukking is het sakramentele... het 'n sakramentele aard, met ander woorde wat die Woord is is die realiteit van wat daardie Woord van praat. As God sê laat daar lig wees, dan is daar lig. Sy Woord... as Hy... die woord lig is dan is daar lig. As Hy sê vrede vir jou dan is daar vrede in jou. Dis die krag van God se Woord, en Hy gee 'n groot hermeneutiese beginsel vir ons hier ook.
Hierdie sê dis nie net dat en hoe nie, dis ook hoe jy hom moet verstaan is dit gaan alles om Christus. Dis die sin van die Skrif: Christus. Leer om te luister na die Skrif. Leer om te luister na jou binnekant. Hulle sê ons het agtergekom ons harte brand. Jou hart is jou diepste sentrum, jou innerlike waar emosies, denke, wil, gevoelens, vleis, bene, organe bymekaarkom. Dis jou hart. Jy het so 'n plek in jou, en Jesus sê bewaar hom. Bewaar jou hart. Kyk na jou hart, jou binneste. Raak sensitief vir die goed wat jou hart raak.
Die tragedie van ons tyd is dat ons afgesny is van ons binnekant. Die tragedie van ons tyd is dat ons nie ons binnekant ken nie. Ek lees die Middeleeuse geskrifte van Teresa van Avila en van die ou mistici, en dan is ek verstom, verbaas hoe hierdie mense die innerlike wêreld verken het, hoe hulle kaarte probeer optrek het van hoe dit lyk hier binne, hoe goed werk hier binne in ons, en hoe God met ons werk hier binne in ons.
Een van die skrywers uit daardie tyd, Ignatius van Loyola, het seker die grootste geskenk vir die kerk gegee toe hy gesê het let op die consolations en die desolations wat binne in jou is. Raak sensitief vir jou innerlike beweging. 'n Consolation is daardie sense of connectedness wat jy kry met God, met mekaar, met jouself, die sense dat eveything is okay, die wêreld is okay, daardie sense wat jy kry.
Desolation is die teenoorgestelde. Dis 'n sense wat jy kry van offcentredness, chaos, confusion, not connected, voel vêr van God af, van ander mense af, verwyderd van myself af. Luister na... en Sy raad was volg die consolations in besluite wat jy neem, in goed wat jy doen, en dis hoe God na ons toe kom op soveel maniere. Dis God wat in ons werk om te wil, se Paulus, Fillipense 2:13.
Hy skep begeertes, verlange in jou op: luister, weet jy, hoor jy, hoor jy wat in jou hart gebeur? Is jy bewus van daardie bewegings, want dit is hoe die opgestane Christus na jou toe kom, deur die bewegings in jou innerlike wêreld. Hy kom na jou toe deur n ander mense. Die gesin, community, Kupas [?], Klopas en sy vrou, en baie interessant, ook die vreemdeling. Christus kom na hulle toe as die vreemdeling.
Jesus het dit natuurlik baie geleer toe hy op aarde was, nê, toe sê Hy soos wat jy dit aan die geringstes gedoen het het jy dit aan My gedoen. Jy kan met my te doen kry deur ander mense, en daarom leer Hy ons ook om 'n ingesteldheid te hê teenoor die vreemdeling, en dis vir my so interessant as mense hulle storie vertel dat hulle baiekeer praat van die persoon wat ek van geen kant af ken nie, wat toe vir my hierdie woord gee, wat toe vir my hierdie ding sê, en toe net skielik verdwyn, en ek besef dis 'n baie betekenisvolle ontmoeting gewees daardie en ek ken hom nie eers nie, maar dis nie genoeg nie.
Dis nie genoeg nie. Hy... die Emmausgangers nooi Hom in en sê vir Hom kom bly by ons. Kom deel die tafel met ons. Dis hoe Hy in jou wil inkom en hoe jy... hoe Hy met jou wil werk. Dit is hoe jy in die opgestane lewe kan begin deel. Kyk, jy kan beindruk word, jy kan gestimuleer word, jy kan geinspireer word deur wonderlike idees en woorde

die kuns van lewe

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

en teenwooordigheid met die vreemdeling van vêr af. Ek hou hom net daar, maar hy se nee, nee, nee, nooi hom in, deel jou tafel, tafel en bed, mees intiemste plekke van ons lewe, deel jou lewe met hom, en skielik verander Jesus. Hierdie vreemdeling word nou die gasheer.
Hierdie ou wat hulle bedien en wat hulle nooi, Hy vat die brood. Hy sê kom Ek breek die brood vir julle, kom Ek doen iets vir jou, en skielik vind daar 'n bediening plaas en hy ontmoet die opgestane Christus. Deur gewone mense kom Hy na hom toe, in die laaste plek deur die sakrament. Hy vat die brood, Hy breek die brood, en Hy gee dit vir hulle om te eet, en toe hulle eet toe word hulle oë geopen, en Hy verdwyn, net phew, uit hulle gesig uit, en hulle sê ahh, dis Jesus, Hy het opgestaan, Hy leef. 'n Bietjie 'n misterieuse storie, nê, maar nou raak ons aan die diepste misterie van die opstanding, en eintlik die lewe van Jesus.
Dis 'n misterie. Sy geboorte, en as jy met 'n calculated, wetenskaplike mind al hierdie goed probeer uitwerk: doodloopstrate, net so. Misterie beteken dat ek begryp iets daarvan maar ek kan die volle omgang van die gebeure nie begryp nie, en alles maak nie vir my totaal sin nie, en so is dit met die hele lewe van Jesus, maar Hy vat hulle nou na 'n totaal nuwe dimensie en 'n plek toe in hierdie opstandingslewe, deur die nagmaal, deur die sakrament, die brood wat hulle daar gebruik.
Hy... luister wat het Hy hulle voorberei mee: Johannes 6. Terwyl Hy op aarde was toe sê Hy vir hulle as jy van My vlees eet, en kan julle vir ons daardie vers wys, en My bloed drink bly jy in My en Ek in jou. Dit... kyk, hier is 'n... hier is 'n beweging [?]: vreemdeling, vriend, nou is Ek in jou en Ek verdywn uit jou midde uit, nou leef Christus in my. Ek leef nie meer nie. Misterie.
Daar is 'n nuwe eenwording. Daar is 'n nuwe lewe, en hierdie lewe is so real, hulle... dadelik kom 'n community tot stand. Hulle draai na mekaar toe. Hulle kyk na mekaar en sê was my hart nie brandend in my toe Hy die Skrifte vir my uitgelê het nie. Skielik, net daar, 'n community, 'n diep geestelike gemeenskap kom... en hulle sê kom ons gaan, 'n mission kom tot stand. 'n Nuwe missie kom tot stand deur die opstandingslewe wat daar plaasgevind het.
Kyk, ons kan soos die Emmausgangers glo in God, diep teleurgesteld wees oor ons lewe wat nie uitwerk nie, oor die goed wat ons nie kry nie. Ons kan 'n klein lewetjie leef, vasgevang in oorlewing, in die sorge van die lewe, in diep bekommernisse, maar dan kan ons deel in die opstandingslewe van Jesus, so ons oë kan oopgaan as daar 'n ontwaking in ons kan plaasvind.
Ek lees hierdie week sê 'n groot skrywer van ons tyd: the fundamental problem of humanity is that we keep falling asleep. Hy sê dis dis die diepste probleem waarmee ons mense mee worstel en sit. Ons raak... aanmekaar raak ons aan die slaap, en ons default mode is preoccupation and distraction. Ons default mode, jy weet, daardie default, die ding waarop jy die heeltyd terugval, jy val terug op preoccupation. Ek is opgeneem met my innerlike wêreld. Ek is opgeneem met my pyn.
Ek is opgeneem met my probleme, my goed waarmee ek sit en die realiteit, en die werklike lewe gaan verby my, maar Hy kom vanmôre na jou toe deur jou pyn. Hy kom vanmôre na jou toe deur die Skrifte. Hy kom vanmôre na jou toe deur 'n beweging wat in jou binneste plaasvind. Hy kom na jou toe deur mense. Hy kom na jou toe deur die sakrament vanmôre, en jy kan nou daardie nuwe opstandingslewe van Jesus kan deel, wat vêr groter, vêr groter, beter is as net om te glo Jesus het geleef en Jesus het gesterf, en Hy het opgestaan. Dis deel in die realiteit van dit wat gebeur het.
Paulus sê ek wil Hom ken in sy dood. Ek wil Hom ken in sy opstanding. Ek wil hom ken in sy opstanding. Jy kan vanmiddag... oefening wat Willem gister met ons ook gedoen het, saam met iemand 'n Emmausloop onderneem. Word uitgenooi. Jy... jy kom saam met iemand bymekaar en julle spandeer die eerste 15 minute of so van die rustige stap net in stilte, en jy verbeel jouself ons is nie alleen nie; hier is iemand saam met ons.
Jy verbeel jouself, maar eintlik glo jy Hy is nou met ons, Hy is nou met ons, en dan deel jy iets net van jou binneste waarmee jy gemaklik voel met die persoon. Die ander persoon luister net. Die ander persoon kan net vir jou terug sê verstaan ek jou reg; is dit wat jy vir my sê, en dan kan julle julle stories so met mekaar deel. Kyk wat gebeur in jou binneste ook deur dit.
Ons gaan nou saam aan die tafel van die Here sit en ons gaan saam die brood eet, die wyn drink. Ons vra jou dat jy dit sal hou as jy dit ontvang het sodat ons dit almal saam kan doen, en nou, terwyl ons wag, terwyl dit uitgedeel word, nooi ons jou uit om te kyk na hierdie artistiese uitbeelding uit die sesde eeu. Dis 'n afdruk van 'n ikoon wat ons gemaak het wat 'n paar... bekend staan as Jesus en sy Vriend, of Jesus en die Gelowige, wat 'n uitbeelding is van 'n groot Bybelse waarheid.
Jy weet, dit is waar die ikone aanvanklik hulle onstaan het, dat die Skrifte was nie algemeen beskikbaar nie, en wanneer mense die Bybel gehoor het of iets gehoor het, hulle het gaan skryf, dit gaan teken op hierdie manier. Hulle het dit saamgedra om soos 'n video, soos 'n foto, vir mense 'n waarheid te wys, en nou nooi ek jou uit, terwyl jy sit, as jy gemaklik is daarmee, om net te gaze, te kyk na hierdie prentjie en attentive te raak, jou aandag te skenk op die Skrif in hierdie vorm, wat kom na jou toe hierdeur, jy weet.
Ek kan miskien so twee of drie goed, die eerste, noem wat my getref het is hulle oë wat so wawyd oop is. Daar het 'n ontwaking plaasgevind. Hulle kan nou sien. Hulle kan sien. Jesus staan met die Woord, die Evangelie. Ek gee jou My Woord. Hy kom na ons toe deur die Woord. Daar is 'n wonderlike verbintenis. Ons is nie alleen nie. Hy is met jou. Hy is met jou.

Daar is 'n veilige spasie, maar kan jy sien hoe dit transformeer? Hy het ook 'n halo. Hy is ook besig... kyk die voete. Die gelowige het voete. Jesus se voete is verberg. Ons is Sy voete. Ons is Sy teenwoordigheid. Kyk na hierdie prent vir 'n paar oomblikke, en wat kom na jou toe, en waarmee sit jy, en dan vat jy die brood, jy vat die wyn, jy hou dit vir \n paar oomblikke, en ons gebruik dit saam dan.
Ons neem die brood, ons eet, en ons gebed is, Here, open ons oë dat ons kan sien. Ons drink. Ons gebed: Here, open ons ore om te kan hoor, en die Here Jesus Christus is met jou gees. Amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

© Mosaïek